

IJ 34 Vol 376 Pg. 21735 - 21802

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1988-03-30

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR: MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

HOF HERVAT OP 30 MAART 1988.

SIPIWO HEZEKIEL MHLAMBI, v.o.e. (Deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Mnr. Mhlambi, ons is besig met die begrafnis van Sonto Thobela. op 18 Mei 1985.  
-- Ja.

U het vir die hof gesê op 'n stadium na die graf gevul is was daar traanrook wat u geruik het. Waar was u toe u die traanrook geruik het? -- Ek het nie net die reuk bespeur nie. Hulle het direk na ons toe geskiet met die traangas.

Waar was u toe daar geskiet is met die traanrook na (10) u toe? -- Ons was op pad vanaf die begraafplaas en in die rigting van die persone wat geskiet het geloop. Dit wil sê die persone was in die teenoorgestelde rigting van ons.

Was u nog by die graf? -- Ek het alreeds gesê dat ek op pad was uit, dit wil sê op pad terug na die huis toe.

Was u nog in die begraafplaas? -- Nee, ek was al uit.

Was u in die straat in die woongebied? -- Ja, net na ons die lokasie binnegekome het, want die begraafplaas is buite die lokasie.

Die ons wat u van praat, is dit u en 'n groot groep (20) ander mense? -- Ja, daar was 'n hele klompie mense wat besig was om die begraafplaas te verlaat na die begrafnis.

Is dit nie so dat ook in hierdie geval het die gerugte die rondte gedoen daar dat die polisie is verantwoordelik vir die dood van hierdie oorledene nie? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie. Al wat ek gehoor het was dat die polisie daar by die toneel was besig om te help om die vuur te blus.

Ek stel aan u dat terwyl hierdie begrafnis aan die gang was, was daar 'n ander groep wat weggebreek het van hierdie begrafnisgangers af en hulle het gaan klippe gooi en (30)

petrolbomme/...

petrolbomme na die polisie en dit is hoekom daar traanrook in die woongebied geskiet is? -- By die toneel waar ek was waar die skietvoerval plaasgevind het, het ek niemand gesien wat die polisie met klippe aangeval het of enigiets nie. Ek het net gesien dat daar na ons toe geskiet word terwyl ons daar normaal gestap het.

Ken u vir Richard Mapileba? Dit is 'n adjudant-offisier in die polisie? -- Ja, ek ken hom.

Weet u waar bly hy? -- Nee, ek weet nie waar sy huis is nie. Ek ken hom net as 'n persoon. (10)

Ek stel aan u sy huis was op daardie selfde geleentheid afgebrand deur daardie groep? -- Watter groep praat u van? Die groep wat by die begraafplaas was of watter groep?

Die groep wat weggebreek het van die begrafnisgangers? -- Ek het nie die klomp gesien wat weggebreek het van die begrafnisgangers af nie. Ek het hulle nie gesien nie, want ek was op pad na die begraafplaas toe.

Terwyl u teruggegaan het na die begrafnis, het u nie gesien plekke brand in Duduza nie, huise brand? -- Na die begrafnis, onmiddellik daarna is ek terug in die lokasie (20) in. Ek het nêrens gesien dat daar plekke aan die brand was, selfs huise wat aan die brand was nie. Daar was net aanhoudend geskiet met die traangas. Ek het na Thobela se huis toe gegaan waar ek my hande gewas het en toe weggegaan het huis toe.

Ek het êrens in my geheue dat u naby Thobela bly. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

Is dit die huis wat u sê wat drie huise van u af is aan die oorkant van die straat? -- Nee, ek het hier mooi aan u gesê dat die huis wat die naaste is aan my is die (30)

een van die tienjarige seun. Thobela is nie so naby my nie.

Daarna, die res van die dag van die 18de, het u gesien dat daar plekke brand van u huis af of uit u erf uit in Duduza orals? -- Ek het eers die volgende dag gesien dat die huise alreeds aan die brand was. Dit het ek die volgende dag gesien.

HOF : Wat beteken die antwoord? Beteken dit dat u gesien het dat dit die vorige dag al afgebrand het of dat dit al afgebrand was of dat dit nog aan die brand was? -- Ek het gesien dat die huise afgebrand was. Toe dit plaasgevind (10) het, het ek dit nie gesien nie.

MNR. FICK : Die getuienis voor hierdie hof was dat daar veertien huise afgebrand het daardie dag van die 18de, na die begrafnis. Wil u vir die hof sê u het nooit op enige stadium uit u huis uit gesien die plekke brand op die dag van die 18de nie? -- Van die huise wat gebrand het, of hulle nou veertien was of nie, dit sal ek nie kan sê nie, want ek het nie rondgeloop om te gaan kyk wat aan die gang was nie, hoeveel huise aan die brand is nie. Selfs om na die begrafnis toe te gaan, is dit gevaarlik as daar so geskiet (20) word as mense die begrafnis bygewoon het. So, ek het dit as gevaar beskou. Ek het nie uitgegaan om te kyk nie.

Ken u vir sersant Mokoalaba? -- Nee.

Is dit nie so nie dat van die 18de af vir n paar dae was daar gedurig geweld in Duduza? -- Ja, daar was geweld gewees.

Daar was n klomp voorvalle van klipgooiery na die polisiepatrollie, na huise, na plekke wat aan die brand gesteeek is? -- Ek erken dat daar wel n deurmekaarspul daar was. Daar was bakleiery aan die gang. Wat presies gebeur het in (30) daardie/...

daardie bakleier, weet ek nie, want soos ek alreeds gesê het, ek het nie my huis verlaat om na die strate toe te gaan dat ek kon sien wat daar gebeur het nie.

Wanneer na die 18de is u vir die eerste keer weer uit u huis uit? -- Indien ek van my huis af uitgegaan het, het ek uitgegaan om na die bure te gaan. Ek het nie ver gegaan nie.

Is dit nie ook so nie dat daar 'n klomp padversperrings was en slote gegrawe is van die 18de en die daaropvolgende dae in die strate vir die voertuie dat hulle nie kan ry (10) nie? -- Wat die paaie betref, het ek wel gesien dat die asblikke sowel as die vullis in die straat was.

Wanneer het u dit die eerste keer gesien? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie. Dit is dinge wat in Duduza plaasgevind het vir 'n tydjie. Ek sal dus nie kan onthou na hierdie jare wat verby is wanneer ek vir die eerste keer dit gesien het nie.

Is dit nie ook so nie dat busse wat daar probeer ry het in die woongebied is ook aangeval met klippe en petrolbomme? -- Nee, ek het dit nie gesien nie. (20)

Verder wil ek dit aan u stel dat op 20 Mei was daar 'n wegbly-aksie in Duduza. Die mense het nie gaan werk nie? -- Wat die wegbly-aksie betref het dit baie maal plaasgevind in daardie tyd wat die polisie geskiet het. Dit het talle male gebeur dat daar wegbly-aksies was. Ek sal nie spesifieke datums kan onthou op watter datum dit gebeur het nie.

Wie het hierdie wegbly-aksies gereël? -- Niemand het dit gereël nie. Wat gebeur het is die volgende. As daar geskiet word in die woonbuurt, dan het die busse ook nie die woonbuurt binnegekom nie. (30)

Ek stel aan u verder, is dit so dat die paaie wat van Nigel na Dunnottar toe gaan loop net buite Duduza verby? -- Nee, dit is nie so nie.

Hoe ver loop die Dunnottar/Nigel pad by Duduza verby? -- As ek nou Duduza verlaat aan die oostelike kant van Duduza, skat ek daardie pad omtrent vier en n half kilometer ver van Duduza af.

Ken u die pad wat bekend staan as die Sonnetraal-pad? -- Waarheen gaan daardie pad?

Dit is dieselfde pad. Dit is net n ander naam vir (10) hom? -- Nee, maar ek was besig om nog op u vraag te antwoord oordie paaie waarvan u wou geweet het. Ek het net nog een getel van die paaie wat ek beskryf het. Daar is n ander pad wat n mens kan gebruik uit Duduza uit. Dit is aan die westekant van Duduza.

Hierdie pad wat daar uitgaan aan die westekant, is dit dit pad wat net buite Duduza verbygaan. Jy kan met hom Nigel toe gaan of Dunnottar toe? -- Ja, die naaste pad as jy daardie pad gebruik is die pad na Dunnottar toe. Nigel is meer ver.

Ek stel aan u met hierdie wegbly-aksie op 20 Mei het (20) n groep mense gegaan, n groot groep en hulle het die voertuie wat daar verby kom met klippe gegooi? -- As mense daar by daardie pad die voertuie met klippe bestook het, het dit baie ver van my huis af plaasgevind. Ek kon dit dus nie gesien het nie. Ek getuig oor dinge wat daarna by my huis gebeur het wat ek kon sien.

HOF : Is hierdie getuienis hoofgetuienis van die staatsgetuies?

MNR. FICK : Nee, maar dit is inligting wat ons na die tyd bekom het.

(30)

HOF/...

HOF : Nee, maar gaaf.

MNR. FICK : Ek wil dit net volledigheidshalwe aan u stel. In dieselfde voorval het hulle n Blankevrou vermoor, dood gegooi met klippe en haar aan die brand gesteek met hierdie selfde voorval. U weet niks daarvan nie? -- Ek het wel daarvan gehoor.

HOF : Praat julle nou van dieselfde pad? -- Ja, dit is die pad aan die westekant. Ek het daarvan gehoor.

MNR. FICK : Nog net een aspek. Het u die raadslede geken in Duduza, enige van hulle? -- Ja, ek het van hulle geken. (10)

Is dit so dat die raadslede het toe bedank in die tydperk Februarie tot Meimaand 1985? -- Wanneer, in watter tydperk die raadslede bedank het, weet ek nie. Ek het wel later verneem dat net n paar van hulle nog as raadslede daar dien.

En is dit ook korrek so dat in hierdie voorvalle van 18 Mei af 1985 was die raadslede se besighede en van hulle huise aangeval? -- Ek het dit nie gesien nie. Dus kan ek nie daarvoor getuig nie.

RE-EXAMINATION BY MR TIP : No questions.

HOF : Kan u net vir my sê, u self, het u net op 18 Mei (20) van die werk af weggebly of het u vir n lang tyd weggebly van die werk af? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie, want wat ek vir die hof kan sê is dat partykeer met die wegbly-aksie het ek werk toe gegaan vir die gedeelte van die dag. Dan het ek weer teruggekom huis toe om te kom sien of my gesin nog reg is.

Ja-nee, ek wil eintlik net weet by die begrafnis. Daar was die begrafnis van Thobela. Het u toe die volgende dag gaan werk of het dit n tyd geduur voor u weer gaan werk het en indien wel, hoe lank? -- Die volgende dag is ek werk toe. (30)

RE-EXAMINATION/...

RE-EXAMINATION BY MR TIP : Do you recall what day of the week it was that the Thobela funeral took place? -- I do not remember quite exactly what day of the week it was.

NO FURTHER QUESTIONS.

-----

MR YACOOB : The next witness is from Seeisoville, Kroonstad. He is Samwell Dipholo Leholo. He will speak in Sotho.

SAMWELL DIPHOLO LEHOLO, d.s.s. (Through interpreter)

EXAMINATION BY MR YACOOB : Mr Leholo, where do you presently live? -- Kroonstad.

At Seeisoville? -- Phomolong. (10)

For how long have you been living there? -- Fifteen to twenty years.

Do you recall that about three years ago there were troubles at the schools at Maokeng? -- Yes, I recall that.

COURT : What is your present age? -- Thirty-three years.

And your occupation? -- I am unemployed.

When were you last employed? -- I last was in employment in 1977.

What was your employment then? -- I was a general labourer. (20)

Are you able bodied? -- No, I am not quite well.

What is wrong? -- I am experiencing some problems with my stomch. I have got stomach ailments.

MR YACOOB : Do you remember the date on which these troubles started at all? -- Yes, I do.

When was it? -- 11 February 1985.

Did you expect any trouble before it in fact began? -- No, not at all.

Can you recall where you were on the morning of the day on which these troubles began at the schools? -- Yes, I (30)



can.

Where were you? -- I was at a friend's place namely Motseu.

Where is the house of this friend? -- He lives in the immediate vicinity of Kananelo School.

Where exactly in relation to the entrance of the Kananelo School is this house? -- This house is facing the main gate leading into Kananelo School.

While you were in this house, did anything attract your attention? -- I heard some songs outside. (10)

Could you make out whether there was one person or many singing these songs? -- I heard it being sung by many people.

What did you do when you heard this? -- I for some time remained seated in the house without having to go out to see what was happening.

And thereafter? -- From the singing I could hear that these people singing are coming nearer to the house where I was.

And then? -- As a result of which I went out to see. I saw school children, they were many. (20)

Where these school children stationary or not? -- Yes.

COURT : Mr Yacoob, I have heard evidence about this procession now from a number of witnesses. If a witness is to give evidence on what we have already heard and what is common cause, I do not want to hear him. Is there anything new in this evidence? If so, lead it. If not, leave it.

MR YACOOB : The only reason why this evidence is led is a dispute about where the police broke up the crowd.

COURT : Well, then lead that evidence.

MR YACOOB : You saw these children approaching. Is that (30)  
right/...

right?

MNR. JACOBS : Hy het nou net gesê "they were stationary". Dit is wat hy heel laaste gesê het net voor die hof hom in die rede geval het.

HOF : Ja, maar dan het ek dit nie gehoor nie. -- The question was whether they were stationary at the time.

And the answer was? -- Yes. I said yes, but then there was some interruption.

MR YACOOB : Where were they? -- In front of the gate.

Could you tell the court briefly then what you saw (10) after that? -- I noticed three or four of those children going into the yard of Kananelo School. Thereafter I noticed that the children from Kananelo School leaving classrooms. They met there and it appeared to me as if they were talking. After some time which appeared to me as if they were discussing something, I could see that there was some agreement because of the fact that Kananelo children then came to join this group which was outside the gate. They all then started moving. About fifteen metres away from where I was, that is after they had started moving, (20) I noticed the police vehicle which approached from my right and this vehicle stopped.

What did you see next? -- I did not see exactly what happened but I could see the police vehicle stopping. The next thing I heard some shots being fired from a gun.

Carry on? -- As a result of which we all ran away. That is including these children. They also dispersed.

From there I went home.

Did you later on go to a funeral? -- Yes, I did go to a funeral. I will tell you. Later that evening I heard (30)

of/...

of a person that was shot in the incident.

What was his name? -- It was said the person's name is Joseph Matches.

Did you go to the house of the deceased? -- The morning I went to the deceased's house.

At more or less what time did you arrive there? -- I think at about 09h00 or just after 09h00.

What was happening when you got there? -- I found two ministers of religion who were praying and preaching.

And thereafter? -- I then thereafter saw somebody who(10) was wearing a UDF T-shirt and this person had a document in his hand.

What was he doing with this document? -- This person showed this document to us saying he got it from the police in which document it was being said what is to be done during the funeral of the deceased. He told us that we have been given two hours to complete the service and the burial of the deceased and he told us that the coffin was to be transported in a hearse. I cannot quite remember what was the third thing that he mentioned. (20)

Do you know this person? -- Yes, I know this person.

Do you see him in court here? -- Yes, I do.

Could you please point him out? -- That one there.

COURT : Accused no. 20.

MR YACOOB : What happened after Mr Lekota, accused no. 20, had read out and explained the restrictions? -- We waited for the hearse. It did not come. We ended up taking the coffin, putting it on a van and the procession then left.

Were you at the back or in front of the procession? -- I was at the back. I was at the beginning at the back, but(30)

I/...

I at some stage moved forward. I could change my position by moving further into the procession.

At the grave-yard itself, were there priests who officiated? -- Yes, there were.

Who was the master of ceremonies? Do you remember? -- Yes, the MC was a bushman, called Mr Dennis Bloem.

Who spoke at this funeral? Do you remember? -- That man there, the one I have just pointed out, is the man who spoke.

COURT : Accused no. 20.

(10)

MR YACOOB : Can you remember what Mr Lekota, accused no. 20 said? -- Yes, I can remember what he said.

Please carry on, tell the court? -- He said some words of condolences to the people of the deceased and sympathised with them. In addition to that he said he was happy to have the opportunity of attending that funeral although he feels bad about this that the deceased was killed. He further said that he came to hear about the fight which was in Kroonstad and further said all that that is happening, he does not approve of. The best thing to do for people is (20) to sit down and discuss. That is what I remember him saying. In closing off his address he said we are already about to run out of time, we therefore have to work fast and complete the work which was to be done. After him Dennis Bloem took over who also just said well, as it was said by the previous speaker meaning this gentleman, accused no. 20, I also see it that way that we are now about to run out of time. We therefore have to speed up things. We then started leaving.

Did you wait until the grave was filled before you (30)

started/...

started leaving? -- No, I with the others started moving away while they were still busy filling the grave.

Why was that? -- As a result of what was said there that we are about to run out of time, I decided to leave.

Were you one of the first to leave or what? -- I am one of the people who left first yes.

Can you please tell the court what happened when you left the cemetery? -- When I went out of the gate leading into the grave-yard I noticed that the police were driving into the grave-yard in their big vehicles called hippo's. (10) They then started shooting again. We then ran away with everyone going wherever.

Where were you when they then started shooting as you say? -- I was already out of the grave-yard premises more to the direction leading to my right, when they got into the grave-yard and started shooting.

Were you affected by the shooting? -- Yes, in the sense of inhaling whatever they threw there, affected my nostrils.

Was there any formal procession going along away from the grave-yard at the stage when they started shooting? -- (20) No, some people were busy getting into vehicles and climbing in there and some were just walking.

When you say they were shooting, do you know what was shot? -- Yes, I heard later that it was teargas.

And who was doing the shooting? Can you tell? -- I do not know the name of the person. All I can say is it was one of the police who shot.

Did the police give any warning at that stage that you heard that the people should disperse? -- No, that I did not hear.

(30)

Where/...

Where did you run away to? -- I went home.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : As ek u getuienis reg verstaan, toe u uitgegaan het was die enigste kinders wat u daar gesien het die groep wat by die hek in die pad gestaan het? -- Ja, by die hek buite die skool.

So, van Kananelo Skool self was daar geen kinders op daardie stadium daar rond gewees nie? -- Nee, hulle was al buite die klaskamers gewees. Van hulle was daar onder die bome gewees.

Ek het verstaan - ek wil dit aan jou stel jou getuienis(10) was gewees die groep was daar, drie of vier van daardie groep het die groep verlaat en is in die skoolperseel in en na die klaskamers toe en daarna het die kinders uitgekom. Is dit dan verkeerd? -- Nee, nee, hulle is nie na die klaskamers toe nie. Die drie of vier is net in die perseel van Kananelo in en toe hulle op die perseel was, het die kinders van Kananelo hulle toe kom ontmoet hier op die perseel.

Laat ek dit dan net duidelik kry. Die kinders wat jy dan gesien het van Kananelo Skool was reeds buitekant die klaskamers toe u uitgegaan het en buitekant gekom het? -- (20) Toe ek daar buite kom, sien ek dat hierdie kinders nou die perseel van Kananelo binnegaan en toe hulle daar op die perseel was, het Kananelo se kinders toe almal hierdie persone kom ontmoet en van die kinders van Kananelo het van die klaskamers af gekom.

Die kinders van Kananelo toe jy hulle die eerste keer gesien het, was hulle in 'n groot groep gewees op die perseel? -- Die drie of vier is ontmoet deur omtrent ses van Kananelo se kinders waar ek sê hulle samesprekings gevoer het. Die res van die kinders van Kananelo was orals op die perseel (30)

daar/...

daar.

Het hulle orals op die speelgrond versprei? -- Nee, ek sal nie sê dat hulle besig was om te speel nie, want toe die kinders van Bodibeng daar buite kom en staan, het die kinders van Kananelo toe uitgekom. Dit wil sê uit die klaskamers uit.

Jy sien, dit is wat ek netnou vir u gevra het. Nou vertel u weer n ander storie. Was daar kinders toe u uitgekom het wat oor die speelgrond versprei gestaan het? Nie speel nie, versprei gewees het? -- Ja.

Dan sê u u het nog kinders gesien wat uit die klas- (10) kamers uitkom? -- Nee, u het my nie verstaan nie. Ek het gesê toe die kinders van Bodibeng daar kom by Kananelo was daar nog nie kinders buite op die perseel van Kananelo nie, maar onmiddellik nadat hulle daar gekom het, het die kinders van Kananelo die klaskamers verlaat. Dit is eers op daardie stadium dat hulle orals op die perseel was van Kananelo.

En is dit terwyl die samesprekings plaasgevind het dat hulle die klaskamers verlaat het en oor die perseel versprei het? -- Ja.

En nadat die samesprekings klaar gevoer was tussen (20) die groepe wat u nou gesien het en wat u gedink het is samesprekings, was die ander kinders toe bymekaar geroep van Kananelo Skool? -- Na die samesprekings van hierdie klomp waarvan ek gepraat het, het ek opgemerk dat die kinders van Kananelo by hierdie ander kinders kom aansluit. Ek neem aan dat hulle maar saamgestem het of ooreengekom het met die aansluiting.

Ek kan nie jou logika verstaan nie. Ons het dat ses mense spreek saam met die kinders wat uit die groep gekom het en by die perseel ingegaan het, nê? -- Ja. (30)

En terwyl hulle samesprekings voer was die kinders wat uit die klaskamers gekom het versprei oor die hele speelgrond. Hulle was nie in 'n groep gewees nie. Dit was u getuie- nis? -- Hulle was naby die klomp gewees, dit is die ses en die drie of vier van die ander mense. Dit was vir my duidelik gewees dat hulle daar gestaan en wat het om te hoor wat hierdie mense later gaan sê.

As u getuienis nou is dat hulle daar naby was, was hulle dan in 'n groep gewees? -- Ek kan so sê, ja, dat hulle in 'n groep was. Ek sal u sê hulle was baie en 'n groep mense (10) wat baie is, sal natuurlik ver trek en versprei omtrent tot by die bome waarvan ek praat.

So, hulle het in 'n groep gestaan en wag? -- Ja, gewag om te hoor wat word daar bespreek en wat is die besluit van daardie mense wat besig is om te praat.

Is dit nie so nie dat hulle was dan versprei oor die hele speelgronde daar nie? -- Wat ek kan sê is dat die area waar hulle gestaan het as 'n klomp, het hulle daar plek vol gestaan, want hulle was baie. Nie dat hulle versprei was orals in die perseel van die skool nie. (20)

Ken u vir die persoon met die naam van Mamokhele Miriam Sebetoane? -- Nee, ek ken nie daardie persoon nie.

U sien, dit is 'n getuie wat hier kom getuig het vir die verdediging en sy het getuig dat sy was 'n deel van daardie groep gewees wat gekom het van Bodibeng Skool af na hierdie skool toe. Sy vertel vir ons daar het niemand uit hierdie groep uit die groep verlaat en in die skoolperseel ingegaan en met die mense in die skoolperseel gepraat nie. Wat sê jy daarvan? -- Ek sal sê sy lieg.

En ons het verder dat sy sê die leiers uit hulle groep(30)

het/...



het geskreeu net vir daardie kinders van Kananelo Skool? --  
Nee, ek sal sê dit is h pure leuen, want terwyl die klomp  
daar bymekaar gestaan het wat die gesprek gevoer het, dit  
is die kinders, het hulle gehoor dat hulle praat van SRC en  
hulle wil nie die prefekte hê nie, maar hulle praat van die  
SRC's.

Wie het dit gesê? -- Ek sal nie kan sê wie van daardie  
klomp daardie woorde gebesig het nie, maar dit was gesê  
binne my hoorafstand. Byvoorbeeld as hulle nou hier gestaan  
en praat het by hierdie getuiebank waar ek nou staan, (10)  
was die distansie tussen myself en hulle vanaf hierdie getuie-  
bank tot by daardie muur.

HOF : Tien meter. -- As ek luister kon ek duidelik hoor  
wat hulle sê sonder om die persoon te kan identifiseer wie  
van die mense dit gesê het.

Praat u nou van die mense wat met mekaar gestaan en  
praat het daar, die groepie? -- Ja, by die hek.

MNR.JACOBS : Dit is die drie of vier wat gegaan het om met  
Kananelo Skool se leiers te praat? -- Ja, dit is daardie  
klomp. (20)

As jy so naby was en so goed gehoor het dan kan jy seker  
vir die hof sê wat het hulle nog gesê? -- Wat ek daar gehoor  
het wat hulle van gepraat het was hulle wil nie die prefekte  
hê nie, hulle wil wegdoen daarmee, hulle sal verkies dat  
daar SRC's begin moet word. Dit is wat eintlik onder mekaar  
daar bespreek het wat ek kon hoor.

Wat het hulle nog gepraat, wat kom maak hulle by hierdie  
skool? Wat wil hulle hê? Wat gaan aan? -- Hulle het daar  
met mekaar kom praat. Hulle het met die kinders van Kananelo  
kom praat dat Kananelo se kinders hulle ook moet ondersteun(30)

in/...

in die eis van hulle.

Wat het hulle gesê hoe moet Kananelo se kinders hulle ondersteun? Het jy gehoor? -- Ja, ek het gehoor dat hulle hulle moet ondersteun in die sin dat hulle met mekaar moet praat en saam met die skoolkomitee gaan praat oor hierdie aangeleentheid.

Met watter skoolkomitee moes hulle gaan praat? -- Van Bodibeng.

En wanneer moes hulle dit gaan doen? -- Volgens wat ek daar gesien het en wat ek gehoor het, het hulle oren-(10) gekom dat hulle onmiddellik daarvandaan sou gegaan het na die skoolkomitee toe.

Die skoolkomitee van Bodibeng, waar sou hulle hom gaan ontmoet het? -- Hulle was op pad na Bodibeng toe.

Waar sou hulle hom ontmoet het, die skoolkomitee? -- Te Bodibeng.

Is dit daar gesê of die skoolkomitee - of hulle 'n bestelling gehad met die skoolkomitee of hulle die skoolkomitee sou ontmoet in Bodibeng? -- Ja, want hulle het saam met mekaar gestem en toe saam daar weggestap. (20)

Het hulle gesê dat hulle het gereël en dat die skoolkomitee wat uit verskillende mense bestaan, wat op verskillende plekke woon, gereël het dat hulle sou almal dan byeen kom en by Bodibeng ontmoet? -- Al wat ek vir die hof hier kan sê is dat hulle net met mekaar gepraat het en gesê het dat kom laat ons gaan na Bodibeng toe, waar ons met die komitee gaan praat. Hulle het nie verder gepraat van of die komitee nou daar sal wees of wat die posisie gaan wees nie, maar hulle het net ooreengestem en hulle is toe daar weg met die oog daarop om die komitee te gaan sien. (30)

Dit/...

Dit is h heeltemal nuwe storie wat ons nou vandag hoor. Selfs nie eers die mense van Bodibeng Skool het dit vir ons vertel in hierdie hof dat hulle sou gaan om h skoolkomitee te ontmoet nie. -- Ek kan niks daaromtrent sê dat geeneen van hulle dit genoem het in die hof nie. Dit is wat ek gehoor het dat hulle so ooreengekom het.

Ek stel dit aan jou dit is h leuen hierdie storie dat hulle h skoolkomitee na h optog sou kom ontmoet het? -- Nee, ek het nie gesê dat hulle h optog gemaak het eers nie. Ek het gesê ek het gesien dat hulle met mekaar praat en toe (10) daarna het hulle by die ander aangesluit en weggeloop.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

SAMWELL DIPHOLO LEHOLO, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Toe hierdie kinders nou of die groep van Bodibeng gepraat het met die ander en gevra het hulle moet saamgaan om die skoolkomitee te gaan sien, wat was die antwoord van die kinders van Kanelo? -- Hulle het saamgestem.

Wat het hulle gesê? Kan jy nog onthou? Dit is reg, ons sal saamgaan of wat het hulle gesê? Wat het jy gehoor?(20) -- Ek het net gehoor dat hulle sê "Laat ons gaan."

Het hulle dit toe oorgedra aan die groep leerlinge wat daar eenkant in h bondel gestaan het? -- Ja en toe is hulle weg.

Jy het dit ook gehoor? -- Wat ek gehoor het is toe die eerste klomp , dit is die drie of vier en die ander ses, waar hulle saam met mekaar gestem het dat hulle nou gaan saam loop. Toe die ander gesê was om saam te kom, wat presies aan hulle gesê was, het ek nie gehoor nie. Ek het net gesien die ander klomp kinders sluit by hierdie aan. (30)

Die/...

Die polisie, toe hulle nou op die toneel verskyn het, van watter kant af het hulle gekom? Van waar af? -- Soos ek daar gestaan het en kyk het in die rigting van die skool her die polisie van my regterkant af gekom.

HOF : Laat ek net dit duidelik kry. Het die kinders van die linkerkant af gekom? -- Ja, die kinders het van die linkerkant af gekom.

En die polisie van die regterkant af? -- Ja.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Het u voor die vriend se huis gestaan toe u hierdie dinge nou sien of waar was u? -- Ons het op (10) die perseel van die vriend van my se huis gestaan.

Het julle nooit daarvandaan weggegaan nie? -- Ek is eers daar weg na die skietery begin het.

MNR. JACOBS : En as ek dit reg verstaan het, het jy net een polisievoertuig gesien wat daar opgedaag het? -- As ek reg is, was dit twee of drie polisievoertuie, want dit was die groot een en dan was daar kleintjies ook.

Jy sien, in jou getuienis-in-hoof het jy net gepraat van een voertuig wat daar opgedaag het?

MR YACOOB : What he said was that whilst he was standing (20) there he saw at some stage a police vehicle coming. It is true that he did not mention others, but the impression was not that there was only one throughout as I recall the evidence.

MNR. JACOBS : My nota is duidelik, ek het dit spesifiek aangeteken, dat hy sê "fifteen metres from me, see a police vehicle approaching from the right. The vehicle stopped."

COURT : Yes, Mr Yacoob, I also have a note only relating to one vehicle. The question is allowed.

MNR. JACOBS : Jy het nie in jou getuienis-in-hoof vir (30) die/...

die hof vertel van hierdie ander polisievoertuie nie? -- Ja, omdat ek nie gevra was hoeveel van hulle, dit wil sê die polisievoertuie daar was nie.

Maar jy het self vertel wat daar gebeur het. Hoekom het jy nie self vir die hof vertel hoeveel was daar nie? -- Dit gebeur met alle mense dat as 'n mens 'n vraag antwoord dat hy nie volledig antwoord soos die ander een dit verwag het nie.

Kom ons kry 'n bietjie duidelikheid oor hierdie polisievoertuie. Het hulle dwars oor die pad gaan trek om hierdie (10) opmars te stuit? -- Nee, die polisievoertuie het nie dwars oor die pad gestaan nie. Hulle was omtrent vyftien meter ver vanwaar ek was by 'n hoek. Daar was ook baie mense naby die polisievoertuie gewees, wat dan veroorsaak het dat ek nie alles kon sien wat daar gebeur het nie.

As ek jou getuienis reg verstaan het het hierdie optog, noem dit 'n optog, nadat die groepe gemeng het, weer in beweging gekom en aangeloop na jou regterkant toe? -- Nee, nie na my regterkant toe nie. Kyk, waar ek was, staan ek en kyk na die hoofhek van die skool en daardie kinders kom (20) uit daardie hek uit en sluit by hierdie aan wat by die hek staan. Daarvandaan stap hulle na my linkerkant se rigting toe.

Het hulle omgedraai daar? -- Ja, omgedraai en teruggestap vanwaar hulle gekom het.

So, die polisie het tot stilstand gekom agter hierdie groep en hierdie groep het dan weggeloop van die polisie af? -- Ja.

Hoe ver het hulle al weggeloop daar van die skool af, Kananelo Skool af nadat hulle begin loop het terug? -- Ek skat dat die voerpunt van die optog was omtrent vyftien (30) meter/...

meter vanaf die hek. Die agterste gedeelte van die optog was omtrent vyf tot drie meter.

Vanaf die hek? -- Ja.

So, dit is 'n optog wat lank - die lengte van die optog was twaalf meter lank?

MR YACOOB : It depends on which side the three meters were.

COURT : The objection is overruled. Antwoord die vraag? -- Nee, die lengte was omtrent as ek dink, vanwaar ek nou staan na die straat toe hier buite agter my.

MNR. JACOBS : Ek skat omtrent 80 meter. (10)

HOF : 80 Meter. -- Ja, ek skat dit so.

Ons skat dit 'n bietjie minder. Nader aan 60 meter.

MNR. JACOBS : Ek het eintlik konserwatief geskat dat ek hom nie daardeur benadeel nie..

HOF : Dit word bepaal op 6 meter.

MNR. JACOBS : Ek kan dan nie verstaan nie en ek dink u is besig hier om vir die hof baie groot leuens te vertel. As die polisie tot stilstand gekom het, hierdie optog is besig om weg te beweeg van die polisie af, watter baie mense was voor jou dat jy nie kon sien wat die polisie gedoen het nie? (20) -- Toe die kinders daar gekom het en gestop het by die hek van Kananelo, die inwoners in die onmiddellike omgewing van die skool is almal uit die huise uit om te gaan kyk wat daar gebeur. Dit was as gevolg van die klomp mense wat ek van praat wat gaan staan en kyk het wat daar gebeur het, dat ek nie alles kon sien nie.

So, het die polisie dan oor hierdie mense oor jou geskiet na die kinders met die traanrook? -- Die mense waarvan ek praat wat daar was, was nie in die middel van die pad gewees nie. Ook nie in die pad van die polisiepatrolliewa nie. (30)

Hulle/...

Hulle was aan die kante van die straat langs die omheining-  
drade.

En die polisie in die straat? -- Die polisie was op die  
hoek gewees.

In die straat? -- Ja, op die hoek van 'n straat.

So, hulle moes dan ten minste voor jou verby geskiet het  
agter die kinders aan? -- Ja, soos ek daar gestaan het.

U sien, ek wil dit aan u stel u vertel 'n leuen vir die  
hof want ons het getuienis hier gehad van die verdediging  
wat kom sê het, mense wat in daardie optog was, die laaste(10)  
getuie wat hier was, ek kan ongelukkig nie sy naam onthou  
nie; wat getuig het, het gesê daar was toe daardie groepe  
bymekaar gekom het besluit om verder te gaan met 'n opmars  
in die woongebied? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

En ek wil dit ook verder aan u stel dat hierdie storie  
wat u vertel van die polisie wat daar geskiet het en die  
manier hoe hulle geskiet het, is 'n blatante leuen, want daar  
was nie by Kananelo skool deur die polisie geskiet op enigiemand  
nie? -- Ek vertel die waarheid, die hele waarheid. Dit is  
eintlik wat veroorsaak het dat ek moet vlug. Dit is (20)  
omdat daar geskiet was.

En ek wil dit ook aan u stel dit lyk vir my wat gebeur  
het u het by hierdie optog aangesluit en saam met hulle  
geloop? -- Nee, ek meng nie met sulke goed in nie. Ek is  
'n man wat net aan die kerk verbonde is.

Want ons het getuienis dat daar het by hierdie optog  
soos hy beweeg het, aan die kant van die verdediging ook,  
het daar mense by hierdie optog aangesluit ook? -- Ja, as u  
dit aan my stel, ek het gesien dat daar wel mense of kinders  
was sonder uniforms wat ook deel gehad het aan hierdie (30)

optog/...

optog en van hulle was ver ouer as kinders wat nog op skool moes gewees het op daardie stadium.

En het hulle ook T-hemde gedra, die mense wat deel gevorm het van hierdie optog en wat nie skoolkinders was nie? --

K1281

Nee, as dit T-hemde is, is dit een ding wat ek nie gesien het nie.

En ek wil dit aan u stel dat die optog het daar van Kananelo skool af aanbeweeg na h volgende skool toe? -- Dit sal ek nie weet nie, want daarvandaan het ek huis toe gehardloop. (10)

En by die volgende skool het nog kinders aangesluit en toe is hulle na die onderwyskollege toe, daar in Seeisoville? -- Nee, daarvan weet ek nie.

En daar in Seeisoville is daar h aanval geloods op die karre wat daar geparkeer was en die polisie moes help om die onderwysers uit te kry en veilig weg te kry daar? -- Nee, daarvan weet ek nie.

En wat meer is, dat daar het die skietery begin en daar is onder andere donshael en rubberpatrone en gas gebruik om die skare uiteen te jaag? -- Nee, daarvan weet ek nie. (20)

Daarna stel ek dit aan u het die onluste handuit geruk en orals in daardie woongebied is besighede aangeval en aan die brand gestee? -- Ek het eers die volgende dag gesien dat daar skade aangerig is aan die plekke.

Toe jy nou huis toe gehardloop het soos jy dit sê, het jy toe onder die bed gaan wegkruip? -- Ek was so geskrik gewees dat ek die kinders in die huis geroep het en die huis toegemaak het van binne.

HOF : Sê vir my, u staan nou in die tuin voor die huis van u vriend, die polisie skiet traanrook. Waarom hardloop u (30) nie/...



nie net in daardie huis in nie, dan is u mos ontslae van hulle?  
-- Dit was skok gewees en tweedens, dat ek geweet het my enigste veilige plek is by my huis. Ek het toe besluit om huis toe te hardloop.

MNR. JACOBS : Is dit nie so nie dat hierdie moeilikheid oor die studenterade het nie daardie dag begin nie, maar dit het al vir 'n geruime tyd daar aangegaan dat daar geagiteer was en georganiseer was vir studenterade? -- Ek weet niks van die studenterade nie, want ek was lanklaas by die skool gewees toe ek die skool verlaat het. (10)

En daar was ook geagiteer gewees in daardie tyd teen stadsraadslede en stadsrade? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

En dit het alreeds in 1983 al begin voor die verkiesing, was daar al geagiteer dat mense moet nie stem vir die stadsrade en die stadsraadslede nie? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Is dit nie so nie dat Bloem het daar pamflette opgesit - nie pamflette nie, plakkate opgesit om nie te stem in raadsverkiesings nie? -- Nee, ek het dit nog nie gesien nie.

UDF plakkate? -- Nee, ek weet nie daarvan nie. (20)

Is dit nie so nie dat mnr. Bloem daar in die woongebied georganiseer het vir UDF nie? -- Dit kan wees, maar ek sê ek het hom met 'n T-hemp gesien. Ek weet nie of hy vir die UDF gewerk het of wat die posisie is nie. Ek kan nie sê nie.

Is dit nie so nie dat daar in sy kafee, die Dixie Kafee was baie plakkate opgeplak van die UDF nie? -- Dennis woon in Brentpark, ek woon in Phomolong. So, ek gaan nie na sy plek toe nie. Dit is nie dat ek daardie plek baie besoek nie.

Ek sê nie jy besoek hom baie nie, maar jy was tog al (30)

daar/...

daar? -- Nee, Brentpark is nie 'n plek waar ek kuier nie.  
Dit is bedoel vir kleurlinge.

As 'n mens wat niks te doen het nie vir baie jare al,  
het jy mos baie tyd wat jy kan rondloop daar in die woongebiede?  
--Nee, wat ek vir u kan sê is, dat die siekte wat ek aan ly  
laat my nie toe om ver te gaan nie. Ek kan wel hier naby  
my huis rond wees, maar nie ver nie.

Die dag waar jy was toe hierdie voorval by Kananelo  
skool plaasgevind het wat jy beskryf, is dit naby jou huis? --  
Dit is omtrent vier strate. (10)

En is dit ook baie naby die besigheidsentrums? -- Ja,  
my ouers se huis is naby die besigheidsplek.

Die huis waar jy bly? -- Ja.

En dit is ook naby die onderwyskollege? -- Nee, dit is 'n  
entjie ver.

En is dit in Pholomong waar jou huis en die besigheid-  
sentrum is? -- Ja.

Dan het jy seker die skietery gehoor en die dinge wat  
aangaan daar by die besigheidsentrum? -- Ek het gehoor, ja,  
maar ek was so geskrik gewees dat ek nie kon uitgaan nie. (20)  
Daar was polisie wat daardie plek patrolleer het op verskil-  
lende tye.

Het jy op enige stadium daardie dag uit jou huis gegaan  
nadat jy jou huis gesluit het? -- Ja, omtrent na 11h00 of  
11h30 is ek uit. Dit was op daardie stadium wat ek rook  
gesien het.

Waarheen het jy toe gegaan? -- Ek is net uit die huis  
uit om te sien wat gebeur daar buite.

Het jy toe gesien dat daar in die paaie is padversper-  
rings? -- Ja, dit het ek laat in die middag gesien, om en (30)

by/...

by 15h00.

Is jy toe weer uit die huis uit? -- Ja.

Het jy die oggend nie padversperrings gesien nie? --

Nee, nie in die oggend nie.

Die rook wat jy gesien het die oggend, was dit van geboue wat gebrand het by die besigheidssentrum? -- Nee, dit was nie die oggend nie. Dit was om en by 11h30 gewees, soos ek gesê het.

Dit is wat ek van praat. Dit is mos nog die oggend? --

Ja.

(10)

Was dit by die besigheidssentrum? -- Bedoel u die rook?

Ja? -- Ja.

Was daar groepe mense wat nog in die strate beweeg het op daardie stadium? -- Ja, daar was 'n hardloperij gewees. Daar was mense gewees wat gejaag word.

En groepe mense wat vryheidsliedere ook gesing het? --

Nee, dit het ek nie gehoor nie.

Die begrafnis waar u was, die kis wat op die bakkie geplaas was, was hy net daar neergesit en toe het die bakkie gery met hom en toe is hy so vervoer? -- Die kis was op (20) die bakkie gesit en daar was mense gewees wat op die bakkie gery het wat die kis moes vashou.

Hoe bedoel u moes vashou? -- Dat die kis nie heen en weer daar bo beweeg en gly op die bakwerk van die bakkie nie.

Het hierdie mense wat daardie kis vasgehou het - hoeveel was hulle? -- Vyf of ses.

En het hulle aan die kante van die kis gesit en hom so vasgedruk op die bak? -- Ja.

Hulle het nooit daardie kis opgetel en op hulle skouers gedra nie? -- Nee, ek het wel gesien dat hulle op 'n stadium (30)

die/...

die kis opgetel het, maar dat hulle dit opgetel het en op die skouers gedra het en daarmee loop het ek nie gesien nie.

Nee, die kis op die bakkie, dat hulle dit dra op die skouers en ook hoër as hulle skouers? -- Nee.

Toe hulle hom opgetel het, hoekom het hulle hom opgetel? -- Nee, ek weet nie hoekom hulle dit gedoen het nie.

HOF : Bedoel u optel tot by hulle knieë of tot by hulle bors of tot bo hulle kop of hoe het hulle dit opgetel? -- Net opgetel tot die hoogte van die knie.

Was dit terwyl die prosessie aan die gang was? -- Ja. (10)

MNR. JACOBS : Het hulle hom net opgetel en neergesit en verskuif of het hulle hom so gestaan en vashou of wat het hulle gedoen? -- Ek kan sê dat hulle dit opgetel het om terug te sit.

So, het hulle dit net opgetel om reg te kry en toe weer neergesit? -- Dit is wat ek gesien het.

En dit het net een keer gebeur? -- Wat ek gesien het, ja, net een keer. Ek weet nie of dit meer as dit gebeur het nie.

Was daar in heirdie optog plakkate gewees of baniere? -- Nee, ek het nie plakkate daar gesien nie. Ek het eers 'n (20) plakkaat gesien na ons by die begraafplaas gekom het.

Net een? -- Ja.

Van die huis tot by die begraafplaas, het u op enige stadium 'n lykswa gesien?

HOF : Weet u wat is die verskil tussen 'n plakkaat en 'n banier? -- Nee, ek weet nie wat die verskil is nie, maar dit waarvan ek praat was 'n stukkie lap waarop iets geskryf was.

Hoe is dit gehou? -- Dit het stokke aan weerskante gehad en dit was vasgehou deur verskillende persone. (30)

Weet/...

Weet u wat daar op was? -- "Ha re Lwane retlo pata Mofu wa rona". Dit was daar geskryf, maar in Engels.

Tolk dit vir ons in Engels, asseblief, mnr. Die Tolk.  
-- We are not fighting, but here to bury our dead.

MNR. JACOBS : Nie "To bury our heroes" nie? -- Nee.

Verstaan jy Engels goed? -- Ek verstaan Engels, maar nie soveel nie.

HOF : Kan u Engels lees? -- Ja, ek kan dit lees.

MNR. JACOBS : Kan ek net duidelikheid kry as jy sê jy verstaan nie soveel nie. Wat beteken dit? Of jy verstaan(10) as iemand Engels praat of jy verstaan nie. Wat beteken nou nie soveel nie? -- Daarby bedoel ek byvoorbeeld ek kan iets lees wat in Engels geskryf is. Ek sal dit verstaan, maar nie so goed verstaan nie.

En as iemand 'n toespraak in Engels lewer sal jy dit ook nie so goed verstaan nie? -- As daardie persoon sy toespraak in Afrikaans kan maak, dan volg ek dit alles, want dit is die taal wat ek eintlik goed ken.

Maar as hy dit in Engels maak dan volg u nie alles nie?  
-- Ja, ek kan nie alles so goed volg nie. (20)

Op pad na die begraafplaas toe, het jy die polisie opgemerk? -- Nee, ek het nie die polisie opgemerk nie.

Ons het die getuienis van die polisie dat hulle het parallel met julle beweeg, die begrafnisstoet, maar net in die strate parallel daarmee. Het jy hulle nooit gesien nie?  
-- Ek het hulle nie gesien nie.

Wanneer het jy polisie vir die eerste keer gesien en waar? -- Is dit nou by hierdie dood?

Ja? -- By die begraafplaas.

Is dit toe jy daar aangekom het of was dit daarna (30)

wat/...

wat jy die polisie vir die eerste keer gesien het? -- Op pad uit. Dit is terwyl ek uitgegaan het wat hulle ingegaan het.

Dit is die eerste maal wat jy daardie dag by al die gebeure daar in die begraafplaas die polisie gesien het? -- Dit is heeltemal reg, behalwe die lide. Na die lide het ek hulle weer by hierdie begraafplaas gesien.

Moet asseblief nie ander plekke toe gaan nie.

HOF : Ja, maar die getuie het vir u al gesê, die eerste keer toe hy die polisie sien by die begrafnis was daar by (10) die begraafplaas.

MNR. JACOBS : En dit was op die stadium toe u besig was om die begraafplaas te verlaat voordat die begrafnis klaar plaasgevind het?

HOF : Dit het hy ook al vir u gesê. Volgende vraag.

MNR. JACOBS : Was daar nie toe julle aangekom het by die begraafplaas, as daar getuienis aangebied is in hierdie hof onder andere deur mnr. Lekota, was daar alreeds polisie-voertuie binne-in die begraafplaas, is dit nie die waarheid nie? -- My antwoord daarop sal wees dat ek nie die polisie (20) op die begraafplaas se perseel gesien het met my aankoms daar nie.

Jy sien, ek wil dit aan u stel dat die polisie was daar buitekant die begraafplaas ver van die - n hele distansie weg van die begraafplaas was. Daar was hulle voertuie geparkeer gewees aan die kant? -- Omdat hulle later daar opgedaag het, kan ek saam met u stem dat hulle wel iewers daar was.

Want hulle het twee keer gedurende die begrafnis, die eerste keer met n Jeep en die tweede keer ook met n Jeep, (30)

een/...

een van die voertuie het nader beweeg na die draad toe en van daar af oor hierdie luidsprekers aangekondig dat julle moet nou klaar maak, julle tyd is verstreke en dat die polisie gee julle nog tien minute verder om uitmekaar uit te gaan? -- Ek het net gesien toe die polisie daar ingekom het, terwyl ek uitgaan.

Dan wil ek dit aan u stel, die polisie het na die tien minute vir 'n tweede keer nader gekom en gesê nou word julle finaal vyf minute gegee om klaar te maak, julle tyd is lankal verstreke? -- Nee, dit het ek nie gehoor nie. (10)

Kan u vir die hof sê, toe die polisie nou wel opgetree het, op wie het hulle die traanrook geskiet? -- Ek sal nie kan sê na wie hulle geskiet het nie. Ek kan net as ek moet dink sê dat hulle besig was om die mense te laat skrik dat hulle kan wegkom daar.

Het hulle geskiet na die mense wat reeds uit die begraafplaas was of het hulle geskiet na die mense wat nog binne-in was? -- Hulle het na die mense geskiet op die perseel van die begraafplaas.

Op die stadium toe die polisie geskiet het, was daar (20) nog 'n groot klomp mense om die graf gewees, minstens twee-, drie-, vierhonderd nog? -- Dit is na ek weggehardloop het.

Jy het weggehardloop eers na die polisie geskiet het, maar voor die polisie geskiet het, was daar nog 'n groot klomp mense, ten minste nog twee-, driehonderd mense wat daar om die graf saamgedrom het op daardie stadium? -- As u dit sê, kan u dit sê, want ek kon nie die mense tel hoeveel hulle was nie.

Dan nie getel nie, maar daar was nog 'n groot groep om die graf gewees? -- Wat ek kan sê is hier, daardie man, (30)

beskuldigde/...

beskuldigde nr. 20, is die man wat gesê het dat ons nou liewers moet gaan, want ons het nie meer genoeg tyd om daar te wees nie. Ons is toe weg, ek en die ander. Toe hy dit bekend gemaak het, het hy nog gesê dat daar miskien vier of vyf mense moet oorbly wat dan voort sal gaan met die toegooi van die graf.

Hoekom antwoord jy nie my vraag nie? -- Wat was u vraag gewees?

Ek het mos nie vir u gevra wat ander mense gesê het nie. Die vraag was eenvoudig, op die stadium toe die (10) polisie geskiet het, was daar nog om die graf 'n groot aantal mense? Die polisie het geskiet na daardie groot aantal mense wat om die graf was op daardie stadium? -- Ja, ek kan saam met u stem daar, want ek was besig om uit te gaan. Daar was nog wel 'n klomp mense wat agter my was.

En dit was mense wat geweier het om gehoor te gee op die bevel van die polisie dat hulle nou uiteen moet gaan? -- Nee, dit weet ek nie, want ek het self weggegaan deur weg te hardloop.

Watter taal het mnr. Lekota gepraat, dit is beskuldigde (20) digde nr. 20? -- Engels en Sotho ook.

Watter taal het hy oorwegend gepraat toe hy gepraat het? -- Ek sal nie kan sê watter taal hy die meeste gebruik het nie, want wat gebeur het daar is, hy het om 't ewe gepraat. Hy het iets gesê in Engels en dan het hy dit self in Sotho getolk. Elke keer sê hy iets in Engels en dan tolk hy dit self. So, dit was waar gelyk gewees.

So, alles wat hy gesê het het hy self vertolk. Is dit by beide geleenthede? By die huis waar die diens was en by die kerkhof? -- Ja, selfs by die huis. Hy het ook (30)

nie/...



nie so baie gepraat nie, maar hy het gepraat.

Mnr. Dennis Bloem, het hy n toespraak gelewer by die begrafnis? -- Ja, hy het ook maar gepraat oor dit wat beskuldigde nr. 20 alreeds gesê het.

Waarna verwys u nou? -- Van die tyd wat amper om was, dat ons nou gou moet maak.

Het hy nie ook gepraat oor die moeilikheid wat daar was nie? -- Nee.

Is dit nie so nie dat beide mnr. Bloem en mnr. Lekota UDF T-hemde aangehad het nie? -- Ja, dit is so. (10)

Was daar nog ander soorte T-hemde ook by hierdie begrafnis? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Mnr. Lekota en mnr. Bloem, het hulle gepraat oor UDF? -- Ek het net een ding gehoor wat gesê was aangaande die UDF. Dit was gesê deur mnr. Lekota, naamlik dat UDF is n organisasie wat teen die apartheid is.

Het hy gesê dit is n goeie organisasie vir die swartmense om aan te behoort? -- Nee, wat hy gesê het is dit is n goeie organisasie vir alle rasse.

Om aan te behoort en hulle moet aansluit daarby? -- (20) Ja, dit is so.

En ook gesê op Kroonstad en Maokeng moet hulle self ook werk om n UDF komitee daar tot stand te bring? -- Nee, hy het nie verder baie dinge gesê behalwe dit wat ek nou net vir die hof gesê het nie. Dit is wat ek gehoor het wat hy gesê het.

Het hy ook nie gesê dat mnr. Bloem is die man wat UDF verteenwoordig daar in daardie gebied en dat hulle saamwerk, UDF en Bloem nie? -- Dit alles het ek nie gehoor nie.

Net een ding wat ek baie seker wil maak. Is dit so (30)

dat/...

dat mnr. Lekota die voorwaardes van die begrafnis by die huis verduidelik het en nie by die graf nie? -- Die voorwaardes van die begrafnis het hy van melding gemaak by die huis van die oorledene. By die begraafplaas het hy net gepraat van die tyd en dat ons vinnig moet maak.

Jy sien, want mnr. Lekota se getuienis op bladsy 15 742 is dat daar by die huis het hy dit nie verduidelik nie, maar dit was daar aan hulle verduidelik. Dit is volume 286. Dit is aan hom en h sekere mnr. Patrick Lephunya? -- Nee, wat ek gesien het was dat hy self hierdie papier gehad het en hy (10) is die persoon wat daarvan gepraat het deur dit te lees van hierdie papier wat hy gehad het.

En hy sê nadat dit aan hulle verduidelik was, was daar net een gebed gedoen, een gesang gesing en toe het die optog begin, toe het die prosessie begin? -- By die huis van die oorledene?

Ja? -- Ja, dit is so.

So, hy sê nie eers self dat hy gepraat het nie. Hy het nie gepraat nie. Daar was nie h toespraak nie.

HOF : Wag eers, dat ons net die plek kry. (20)

MNR. JACOBS : As ek die reëls van onder af kan tel. Die sestende reël van onder af. Dit begin met "It was indicated to us that there had been time restrictions placed on the funeral proceedings and even the route of the cortege to the grave-yard had also been indicated. So, after a short prayer and some hymn singing, the funeral cortege started off to the grave-yard."

HOF : Wat is die antwoord? -- Nee, ek stem nie daarmee saam nie. Ek het hom gesien met die papier wat hy gelees het en toe dit aan ons bekend gemaak wat die inhoud daarvan was. (30)

Dit/...

Dit was na die predikante iets te sê gehad het.

MNR. JACOBS : As h inwoner daar van daardie Maokeng gebied, het u kennis gedra dat daar so h organisasie bestaan het soos COSAS?-- Nee, ek het nie geweet nie.

Het jy nie geweet van so h organisasie wat bestaan in die skole nie? -- Nee, ek het nie daarvan geweet nie.

AZASO wat bestaan het by die onderwyskollege daar? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Het jy geweet van h organisasie wat bestaan het met die naam van MASO? -- Nee, ek weet nie daarvan nie. (10)

En MASCO? -- Nee, daarvan weet ek ook nie.

So , jy weet van geen organisasie hoegenaamd in daardie woonbuurt nie? -- Nee, ek weet niks nie. Die eerste organisasie waarvan ek begin hoor het, was die UDF.

En die eerste maal wat jy daarvan gehoor het was op die dag van die begrafnis? -- Nee, dit was nie die eerste keer op daardie tydstip nie.

Waar het jy daarvan gehoor? -- Te Maokeng. Tussen die gemeenskap was daar mense gewees wat die T-hemde van die organisasie aangehad het. (20)

Is daar baie mense wat die T-hemde gedra het? -- Nee, hulle was nie so veel nie.

Het jy nie gesien dat daar ook baie mense is wat COSAS T-hemde gedra het nie? -- Nee, dit het ek nog nie gesien nie.

By watter geleentheid het hulle hierdie UDF T-hemde gedra? -- Nee, somer so, partykeer as hulle net in die strate loop, dan het hulle die T-hemde aan.

Op daardie begrafnis, was dit daar bekend gemaak wie betaal vir die kostes van daardie begrafnis? -- Nee, ek weet (30)  
nie/...

nie.

Is daar nie gesê dat UDF betaal vir die begrafnis nie?  
-- Nee, ek het dit nie gehoor nie. Ek het niks gehoor nie.

RE-EXAMINATION BY MR YACOOB : No questions.

NO FURTHER QUESTIONS.

-----  
MR YACOOB : The next witness is from Thabong. He is Gilbert de Vos and he will speak in Sotho.

GILBERT KHOLISILE DE VOS, d.s.s. (Through interpreter)

COURT : Mr Yacooob, I understood from Mr Bizos that we had finished with the Orange Free State. Now we have had (10) Seeisoville again and we have had Thabong again. What is the situation?

MR YACOOB : We are just about finish with the Free State. The only thing that happens is, if certain evidence which we think is necessary becomes available, we might actually lead it later. This witness though had been planned for the Free State any way. So, I find that difficult to understand. Perhaps there was a misunderstanding, but for the future it seems to me that only if certain new evidence becomes available, will the Free State be gotten back to again, as (20) I understand the position.

COURT : Yes, lead the witness.

EXAMINATION BY MR YACOOB : Mr De Vos, how old are you? --  
57 Years.

Where do you live? -- Thabong in Welkom.

Do you work at the moment? -- Not at the present moment.  
I am not working.

Until when did you work? -- The end of October 1987.

Why did you leave work? -- Because of ill health.

Do/...

Do you remember that during 1984 there were troubles at the schools in Thabong? -- Yes, I do remember that.

Were there also school boycotts at the time? -- Yes.

Did you go to any meeting which was concerned with the closure of schools? -- Yes, there is a meeting that I attended.

Can you recall when this meeting was held? -- It was on 5 September 1984.

Where was this meeting held? -- This was held in a hall called Phillip Centre.

COURT : Is that not called Phillip Smith Centre? -- Yes, (10) that is the Phillip Smith Centre.

MR YACOOB : Did you arrive at the meeting before it had started or what? -- On arrival there the meeting had not started.

Did the meeting start on time? -- No.

How late did it start in your estimation? -- It was twenty to thirty minutes later than the scheduled time.

At the stage when the meeting started, can you recall how many people were there as a whole? Can you estimate? -- I would not be able to give an estimation which could be (20) taken as correct, but what I can say is the hall was not full into capacity, but what I can say further is that there were quite many people present.

Were most of these people parents or were most of them children or what was the position? -- Without any hesitation I shall say the parents were many, more than the children.

Can you recall who chaired this meeting? -- A certain inspector of schools, called Mr Dikoko, was the chairman of the meeting.

Can you recall what he said in introducing the meeting(30)

or/...

or not? -- Yes, he started the meeting by giving us the reason why we were called to attend this meeting.

Yes, go on. -- After having done that, he introduced to us the main speaker, namely the circuit inspector, Mr Msibi.

Where had the circuit inspector come from? Was that said at all? -- He said this person is in Bloemfontein. Whether he is there resident or whether that is where his office is, but he was from Bloemfontein.

Did this person speak? -- He did speak. (10)

Can you recall what he said? -- Yes, he started by explaining the importance of education in general.

Yes? -- Saying the children of today are the parents of tomorrow and leaders.

COURT : And other obvious things, I take it?

MR YACOOB : Yes.

COURT : When will you get to the point?

MR YACOOB : I will get to it.

COURT : Well, get to the point immediately.

MR YACOOB : As I understand the matter though all this (20) evidence is absolutely in dispute. The state version is that the meeting did not start at all.

COURT : Sure, then you can ask him how many speakers there were and he can say there were give speakers and did the meeting go orderly and he will say it went orderly and how did it become disrupted and then you lead that point and then we know exactly at which point it became disrupted and how it went from there, but I do not want the contents of each speech.

MR YACOOB : After Mr Msibi had spoken, was there any (30) response/...

response from the parents? -- Not at the time.

But is it correct that parents and people from the department spoke at this meeting? -- Yes.

Was the meeting disrupted at all? -- Yes, towards the end of the meeting.

Who was speaking at the stage when the meeting was disrupted? -- Mr Msibi was addressing for the second time.

Was this after the parents had spoken or before? -- It was after.

What did he say for the second time? -- Mr Msibi's (10) address at the time was an advice to the parents where he was saying the parents must not allow the children to pull them by the nose and if a child does not want to go to school, this child must be forced to go to school and on top of that he said that one cannot keep two bulls in one kraal.

What was the reaction of the audience to that? -- This resulted into some mumbling by the parents and the children and of course more strongly from the part of the children.

What happened next? -- Then thereafter the children started getting up, leaving the meeting in twos and threes, (20) getting out of the meeting place. Some of the children.

What did you do? -- I chose to go home.

Why did you leave the meeting at that stage? -- That was because I realised that the procedure of the meeting towards the end was not accordingly.

COURT : What do you mean by that? -- Why I say that is because according to me Mr Msibi was not supposed to have uttered those words at that meeting and that was as a result of the words uttered by Mr Msibi that the children decided to leave.

Do, did you leave together with the children? -- Yes. (30)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Waar in die saal het u gesit? -- Omtrent in die middel van die saal.

Is my skatting, as ek vir u sê h getal van ongeveer driehonderd mense by die vergadering reg? -- Nee.

Minder? -- Ver meer as dit.

Het u kinders op daardie stadium op skool gehad? -- Ja.

Watter skole? -- Lebohang en Theto.

HOF : Noem tog net vir ons wat is hoërskole en wat is laerskole? -- Dit is beide hoërskole.

MNR. FICK : Hoe het u kennis gekry van die vergadering? (10)  
-- My dogter wat op skool was te Lebohang het vir my daarvan gesê.

Het u alleen gegaan van u familie? -- Ja.

Is dit korrek dat die meerderheid van die kinders wat op die vergadering was, was op die gallery? -- Ja, daar bo.

Toe u by die saal kom was hulle daar bo of wat is die posisie? -- Soos ek alreeds gesê het dat ek omtrent in die middel van die saal gesit het. Ek het h rukkie daar vertoef sonder om om te kom dat ek kon sien wat op die gallery was. Dit kan wees dat toe ek daar gekom het was daar kinders (20) op die gallery gewees waarvan ek nie bewus was nie en nog van die kinders daar by gekom het terwyl ek daar sit voor ek omgekyk het, maar op die stadium wat ek omkyk, was daar kinders gewees.

Hoekom het u omgekyk vir die kinders? Wat het hulle gemaak? -- Ek het omgekyk omdat ek h vriend van my verwag het wat by daardie deur sou ingekom het. Dit is die ingang deur wat ek gebruik het. Met die omkyk in die rigting van die deur - hierdie gallery is maar in die lyn van my oë, as ek na die deur toe kyk. (30)

Wat/...



Wat sê u van getuienis van persone wat hier kom getuig het en gesê het mnr. Dikoko was nie die voorsitter van hierdie vergadering nie? -- Ek sê mnr. Dikoko was die voorsitter.

En wat sê u van getuienis dat hierdie vergadering sou belê gewees het deur mnr. Msibi. Hy was nie die gas nie, hy was die man wat die vergadering belê het? -- Dat hy die vergadering belê het sal ek nie baie oor praat nie, maar wat ek van weet is dat ons was gesê dat hy die hoofspreker is by die vergadering en dit het so geëindig dat hy die hoofspreker was. (10)

Ek wil nie weet wat die mense gesê het nie, maar kan u net vir my die name gee van sprekers wat daar gepraat het behalwe mnr. Msibi en mnr.- Dikoko? -- Is dit van die ouers se kant?

Almal? -- Ek weet van vier of vyf manspersone wat daar gepraat het. Ek ken nie hulle name nie, behalwe een wie se naam ek ken.

Laat ons hoor? Wie is dit? -- Mnr. Mabuya.

Is dit die enigste spreker wat daar gepraat het wat u nog ken? -- Ja. (20)

Het daar kinders gepraat op die vergadering? -- Kinders het nie daar opgetree as sprekers nie. 'n Spreker is 'n persoon wat toegelaat word om te praat. Die kinders het net daar gemompel.

Ken u die stadsklerk of het u hom geken op daardie stadium? -- Bedoel u mnr. Ngake?

Ja? -- Ek ken vir mnr. Ngake, al weet ek nie presies wanneer hy diens aanvaar het daar nie.

Hy was nie op hierdie vergadering nie. Is dit reg?-- Hy was nie. (30)

As enigiemand anders hier vir die hof kom vertel het hoe hy n toespraak op die vergadering gemaak het, dan is dit loutere leuens? -- Ek sal so sê, want ek het hom nie gehoor n toespraak maak nie. Ek het hom ook nie gesien nie.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

K1282

GILBERT KHOLISILE DE VOS, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Mnr. De Vos, het mnr. Dikoko gepraat op hierdie vergadering behalwe aan die begin toe hy as voorsitter mnr. Msibi voorgestel het? -- Ja, na hy die doel van die vergadering aan ons verduidelik (10) het, het hy vir ons gesê wie die hoofspreek is aangaande die kinders se wegbly van die skool af. Later van tyd het hy weer iets te sê gehad.

Het enigiemand op hierdie vergadering gepraat van n "stay-away" by die skole? -- Nee, nee, u vraag is nie duidelik nie. Praat u nou van n spreker op die verhoog of praat u van enige persoon sommer tussen die gehoor?

n Spreker op die vergadering? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie. Mense daar het Sotho gebesig.

HOF : Wat beteken u antwoord? -- Die antwoord beteken (20) dat ek geen so n woord gehoor het soos deur die advokaat aan my gestel word van n "stay-away" nie.

U bedoel die Engelse terme "stay-away"? -- Ja.

MNR. FICK : Het iemand in Sotho gepraat oor n wegblyery by die skole? -- Ja.

Wie het daarvan gepraat? -- Die eerste persoon wat ek kan onthou wat daarvan gepraat het was mnr. Msibi. Toe hy gepraat het van die kinders wat net sit en nie skool toe gaan nie, wat verplig moet word om skool toe te gaan.

Wie het nog daarvan gepraat as u sê hy was die eerste, (30) persoon/...

persoon? -- Ek sal nie vir die hof kan sê wie en dat ek vir die hof die persoon se naam kan noem wat dit gesê het nie, want ons was almal daar gewees omdat die kinders nie skool toe gaan nie. Ek het dus nie spesifiek opgelet wie die persone is wat sulke woorde gebruik in dit wat hulle gesê het nie.

Het iemand op hierdie vergadering gesê daar behoort 'n komitee gevorm te word om na die probleme van die kinders te kyk? -- Ek onthou nie meer nie.

Het enigiemand op hierdie vergadering die klagtes (10) wat die skoliere sou gehad het uiteengesit? -- Ja.

Wie? -- Mnr. Mabuya.

Het enigiemand op die vergadering gesê maar ons kan nie die kinders skool toe laat gaan voor die probleme nie opgelos is nie of hoe kan ons verwag die kinders moet skool toe gaan as hulle probleme het by die skool? -- Ja, alhoewel die persoon dit nie so gestel het soos dit nou gestel word deur die advokaat aan my nie. As ek toegelaat word sal ek vir die hof die man se woorde kan sê.

HOF : Ja? -- Die persoon mnr. Mabuya het gesê "Ek stem (20) volkome saam met alles wat die departement voorstel", maar verder bygevoeg "Sal ons regtig sê dit is regverdig of is dit die moeite werd vir ons om die kinders skool toe te stuur sonder om seker te maak dat die kinders se klagtes wel aandag geniet en opgelos is."

MNR. FICK : Nou moet u asseblief vir my met 'n ja en 'n nee antwoord as u kan. Is dit reg dat die gemompel op die vergadering is veroorsaak deur die feit dat mnr. Msibi gesê het dat die kinders moet geforseer word om skool toe te gaan?

-- Ja.

(30)

Net dit? -- Ja, volgens my was dit die rede.

As enigiemand anders in hierdie hof kom sê dat die rede vir die ongelukkigheid was omdat mnr. Msibi sou gesê het hulle moet die kinders wegjaag by die huis, dan is dit vals? -- Ja, dit is ook reg, dit is die woorde wat mnr. Msibi gebesig het.

Maar toe ek u netnou gevra het en in u hoofgetuienis hoekom het u dit nie vir die hof gesê nie? -- U sal onthou dat die hof hier gesê het ons moet dinge praat wat belangrik is in antwoord op die vrae wat gevra word. Dus het ek net (10) op die vraag geantwoord wat gevra was.

Ek het u spesifiek gevra afgesien van u hoofgetuienis of dit spesifiek die rede is wat die kinders kwaad gemaak het die feit dat gesê is daar hulle sal gedwing word om skool toe te gaan, het u gesê net dit? -- U vraag was was dit die rede en u vraag was nie dat dit net die enigste rede was wat dit veroorsaak het nie.

Die rekord sal vir homself spreek. Ek sal daardie aspek daar laat. U sê na die gemompelry het die kinders opgestaan en uitgeloop? -- Ja, dit is wat gebeur het, maar (20) ek wil nou hier verduidelik. In my getuienis het ek gesê die kinders het opgestaan en enkel weggestap of twee of drie of vier. U moet nou nie sê dat ek gesê het dat al die kinders weggeloop het nie.

Wag tot ek so 'n stelling maak dan maak u beswaar. Het u na die kinders wat opgestaan en uitgeloop het geloop? -- Nie soveel later nie. Ek sal sê ons het die vergadering gelyktydig verlaat. Hoekom ek so sê is omdat die kinders eers opgestaan het daar bo en hulle moes afgekrom het om by die deur uit te kom. My distansie vanwaar ek staan het (30)

ek/...

ek direk na die deur toe geloop. Dit wil sê van die kinders wat van bo af gekom het, het gelyktydig saam met my by die deur uitgestap.

En toe u buite kom het u gewag vir u vriend of wat het u gemaak? -- Nee, ek het sommer weggestap. Ek het nie vinnig weggestap nie. Van die kinders wat later uitgekome het, het my ingehaal en ons het dus saamgestap.

Toe u opgestaan het en uitgeloop het, het daar ander mense ook opgestaan en uitgeloop of was u die enigste volwassene? -- Ja, daar was, maar ek kan sê dat ek die eerste(10) volwassene was wat by die deur gekom het van dié wat opgestaan het.

Kyk, u het nou stadig weggestap daar van die saal af toe u buite gekom het. U sal seker vir die hof kan sê het daar baie mense uit die saal geloop of was dit maar net 'n handjievol? -- Dit was 'n groot getal van persone wat die vergadering verlaat het, alhoewel ek nog vir die hof kan sê dat nog baie mense agtergebly het in die vergadering.

Ongeveer die helfte van die vergadering het geloop? -- As ek moet skat glo ek nie dit kon die helfte gewees het (20) nie. Dit kon 'n bietjie minder gewees het, maar aangesien ek nou nie spesifiek daarna opgelet het nie, sal ek dit nie betwis nie.

As enigiemand getuig het dat net 'n paar mense, die woorde was gebruik "a few" van die mense op die gallery afgekome en uitgeloop het by die saal uit, is dit nie reg nie? -- Praat u van volwassenes?

Die getuienis was gewees deur hierdie man mnr. Phate "After the mumbling a few of the people on the gallery got off from there and after some seconds" het daar iets anders(30) gebeur/...

gebeur en dit is al mense wat die vergadering verlaat het?

-- Verwag u n antwoord van my dat ek moet sê dit is die waarheid of nie?

Is dit reg? -- Ek stem nie saam nie. Volgens my waarneming was dit n goeie klompie mense wat die gallery verlaat het, nie baie nie, maar n goeie klompie, maar nie soos dit nou hier gestel word nie, dat n klompie mense die gallery verlaat het nie.

U sê nou vir die hof u het nie vinnig weggestap nie. Het u toe op daardie stadium gesien dat daar gebeur iets (10) snaaks of buitengewoons by die saal? -- Soos wat?

Ek sal vir u nou sê. Sê net eers, waar is u uit? By die deur agter in die saal of waar is u uit? -- Ek is by die deur uit waar ek ingekom het.

HOF : En waar het u ingekom? -- By die deur net onderkant die gallery.

Dit is heel agter? -- Ja.

MNR. FICK : Is dit glasdeure? -- Nee, ek kan nie meer so goed onthou nie. Dit is lank terug.

Maar ken u nie hierdie saal nie? Was u nie al vante-(20) vore al daar nie? -- Ek gaan nie sommer so na die saal toe nie.

Volgens u, het daar iets buitengewoons gebeur wat normaalweg nie gebeur nie, toe u by die saal uit is of net na u uit is? -- Nee, op die tydstop wat ek die saal verlaat het, het niks snaaks gebeur wat my aandag getrek het nie.

Totdat u weg is van die saal? -- Ja.

Want hier was getuienis gewees dat toe daardie kinders uit die saal gaan, sekondes daarna toe is die ligte in daardie saal af? -- Dit het ek nie gesien nie. (30)

Dit/...

Dit is nie al wat gebeur het nie. Daardie deur is stukkend gegooi met 'n klip ook volgens die getuienis?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : As u sê daardie deur, is u reg, mnr. Fick?

MNR. FICK : 'n Glasdeur.

HOF : Dit is die sterkste wat u dit kan stel, want ons het nooit vantevore bepaal waar daardie glasdeur is nie.

MNR. FICK : Daar is teenstrydige getuienis. Een sê die enigste glasdeur is agter en die ander een sê dit was aan die sy, maar dit is 'n glasdeur wat gebreek is. Kan ek vir(10) u so vra? -- Ek sal dit nie kan getuig nie en ook nie vir die hof kan sê dat dit nie so was nie, want ek het dit nie gesien nie.

U het ook nie gehoor daar is ruite stukkend gegooi met klippe nie? -- Na die dag van die vergadering het ek wel gehoor van mense daar in die woonbuurt dat daar ruite gebreek was, maar ekself was nie soontoe gewees om dit te sien nie, want ek woon ver van die saal af.

Ek vind dit vreemd dat u sê u het niks gesien of niks gehoor nie. Het u nie gehoor die mense skreeu toe u by die(20) saal uitkom nie? -- Nee.

En die kinders wat saam met u uit die saal is, was hulle rustig en stil en normaal? -- Hulle is nie weg nie. Ek het hulle daar agtergelaat waar hulle nog besig was om te mompel. Waaroor dit gegaan het, weet ek nie, maar ek het hulle daar agtergelaat.

Ken u 'n persoon met die naam van Billy Makhobo? -- Nee.

Het u toe u uit die saal gegaan het, enige polisie of polisievoertuie buite die saal gesien? -- Nee, nie by die kant waar ek uitgekom het nie. Ek weet nie daar agter (30)

nie/...

nie, maar toe ek uitgegaan het was ek direk in die woonbuurt in. Daar was nie.

Die groep skoliere wat u daar agtergelaat het buite wat gestaan en mompel het, kan u vir die hof sê min of meer hoe h'n groot groep was hulle? Twintig, dertig, veertig, vyftig, honderd? -- Dit is moeilik om h'n skatting te gee. Ek kan sê dit is om en by twintig.

En hulle was kwaad gewees, die skoliere wat u daar gesien het? -- Hulle was heeltemal nie tevrede nie.

Ek stel dit aan u, u getuienis wat u gee oor wat op (10) hierdie vergadering gebeur het is nie die waarheid nie. Die vergadering het nooit werklik aan die gang gekom nie? -- Wat ek van weet is dat die vergadering wel in aanvang geneem het.

En ek stel dit aan u dat hierdie klomp jeugdiges wat daar by die saal was het hierdie vergadering ontwrig met h'n geskreeu en h'n gesing van vryheidsliedere? -- Dit is glad nie so nie, want ek het dit nie gehoor nie.

Ken u h'n persoon met die naam van adjudant-offisier Morolong, Johnny Morolong? -- Nee.

Ek stel aan u daar het h'n polisieman by die vergade- (20) ring ook opgedaag in hierdie geskreeu en gesingery, adjudant-offisier Johnny Morolong en toe is daar vir hom geskreeu van die gallery af dat hy hoort nie op hierdie vergadering nie? -- Dit het ek nie gehoor nie.

Ek stel aan u verder terwyl die jeugdiges op die vergadering met stoele van die ruite en deure stukkend geslaan het, het die ander jeugdiges van buite af klippe gegooi en toe is die klomp jeugdiges uit? -- Indien hulle dit gedoen het, het hulle dit gedoen na ek weg is.

Ek stel dit aan u toe hierdie kinders daar uit is en (30)

die/...



die klipgooiery aan die gang is, toe is die vergadering in h chaos uiteen en hy het toe nooit plaasgevind nie? -- Ek het dit alreeds ontken.

Nou wil ek met u h paar algemene aspekte behandel. Ken u enige organisasie met die naam van Release Mandela Committee? -- Ek ken nie so h organisasie nie. Wat ek wel vir die hof kan sê is dat dit soms gebeur dat h mens sulke goed in koerantberigte sien.

U weet nie of daar so h organisasie in Thabong bestaan en of so h organisasie plakkate opgesit het in Thabong nie? --(10) Glad nie.

Ken u h organisasie met die naam van die Thabong Youth Congress? -- Ek ken nie die organisasie nie.

Geen dokumente van hierdie organisasie gesien in die woonbuurt nie? -- Nee.

